NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 5 OKTOBER 2016 OM 10:00

- MUNISIPALE BESTUURS- EN FINANSIESKOMITEE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl M A Rangasamy

Daniels, C
De Beer, J M
Fortuin, C B
Goliath, M S I
Mfutwana, L E
Papers, C H
Stanley, B J
Stemele, O M
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebestuur, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl C B Fortuin open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid toegestaan aan rdl F S Humphreys.

Rdl N S Zatu is afwesig sonder verskoning.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR EN FINANSIES) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur en Finansies) gehou op 14 September 2016 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

5.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2016

Namens die komitee spreek die voorsitter haar gelukwense uit teenoor die Munisipale Bestuurder, direkteure en personeel vir die prestasies wat Swartland Munisipaliteit behaal.

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir die tydperk Augustus 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VERSLAPPING VAN VLAK 2-WATERBEPERKINGSMAATREËLS (16/1/1/7)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat die Raad, n.a.v. die watervlak van die Voëlvleidam, ’n Vlak 1 (10%) waterbeperking op 9 Desember 2015 en Vlak 2 waterbeperking (20%) op 28 Januarie 2016 onderskeidelik geïmplementeer het.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die inwoners van Swartland ’n waterbesparing van tussen 32% en 37% bewerkstellig het deur die besparingsmaatreëls, soos geïmplementeer, te eerbiedig.

Weens die feit dat die Departement van Waterwese en Sanitasie beheer het oor die damme, is daar telkemale gepoog om met hul te ontmoet om eenvormige beperkingsmaatreëls vir alle munisipaliteite te bespreek, maar tot dusver was Swartland Munisipaliteit onsuksesvol in hul pogings vir ’n ontmoeting.

Met dien verstande van bogenoemde, word ’n verslapping van die huidige waterbeperkingsmaatreëls oorweeg om dit meer in lyn van dié van die ander munisipaliteite te bring.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M A Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad die bestaande waterbeperkingsmaatreëls (soos goedgekeur met ingang vanaf 15 Februarie 2016) herroep en dat goedkeuring verleen word vir die implementering van die volgende Vlak 2-maatreëls in die plek daarvan met onmiddellike effek:

(i) Die gebruik van drinkwater om tuine, sportvelde, parke en enige ander grasbeplante areas nat te maak of te besproei, word tussen 08:00 en 17:00 daagliks verbied;
(ii) Die gebruik van drinkbare water om enige harde of geplaveide oppervlaktes af te spuit word verbied;
(iii) Tuinslange wat nie oor ’n selfsluitmeganisme beskik nie, mag nie onbeman gelaat word wanneer tuine, parke, sportvelde of ander areas natgemaak word nie;
(iv) Tuinslange wat vir die was van voertuie (ingesluit ontspannings-voertuie en watervaartuie) gebruik word, moet oor ’n outomatiese selfsluitmeganisme beskik;
(v) Alle outomatiese spoelurinale moet afgedraai word in alle geboue gedurende tye wanneer die publiek en/of personeel sodanige geboue normaalweg verlaat;

6.1/...

(b) Dat die beperkings in paragraaf (a)(i) tot (v) nie sal geld;

(i) Waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) Waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ’n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ’n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat verbruikers steeds aangemoedig word om ’n 20% besparing in hul waterverbuik te bewerkstellig, en dat ’n kwota, gebaseer op die gemiddelde verbruik vanaf November 2014 tot April 2015, op individuele diensterekeninge (vir sowel huishoudings as besighede) aangebring sal word as riglyn om verbruikers te help om sodanige besparing te bewerkstellig, met dien verstande dat huishoudings met ’n hoë kwota tot maksimum 50 kiloliter per maand beperk sal word;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(e) Dat daar volstaan word met die watertariewe wat tans van krag is om ’n 20% besparing in die hand te help werk;

(f) Dat ’n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook perhand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(g) Dat die munisipale swembaddens, uitgesluit die Moorreesburg swembad waar herstelwerk tans onderweg is, vir die publiek oopgestel word met ingang vanaf 1 November 2016;

(h) Dat daar gepoog word om die implementering van uniforme Vlak 2-maatreëls te inisieër in samewerking met hetsy die Departement van Waterwese en Sanitasie of ander owerhede in die Weskus, ingesluit Stad Kaapstad.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebestuur, me H T Papier, behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M A Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Augustus 2016.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Bess, D G
Goliath, M S I
Maart, E S M
McQuire, V D
Mfutwana, L E
Papers, C H
Penxa, B J
Smit, N
Sneewe, A M
Solomons, P E
Stanley, B J

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebestuur, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:32 ’n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIEL- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele en Elektriese Dienste) gehou op 14 September 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

5.1.1/...

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz noem – op navraag van rdl B J Penxa – dat alle vakatures word volgens die Aanstellingsbeleid gevul en onderneem om verslag te lewer rakende die posvlak van die vakature wat nie gevul is nie.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Augustus 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl P E Solomons
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Bekebu, Z
Bess, D G
Daniels, C
De Beer, J M
Fortuin, C B
Goliath, M S I
Maart, E S M
McQuire, V D
Mfutwana, L E
Philander, D B
Smit, N

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Begrotingskantoor en Kostebestuur, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:43 ’n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl E Maart)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie, Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 14 September 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2016

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

5.1/Die...

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, noem dat die konstruksie Abbotsdale biblioteek amper voltooi is en dat die biblioteek op 1 November of 1 Desember 2016 geopen word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Augustus 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2016

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem – op navraag van rdl D B Philander – dat die uitstaande ouditnavraag, nl. 'n behuising-kwessie, waarna daar in die prestasiemeting verwys word, is aangespreek en die aksieplan is aan die interne ouditeur deurgestuur.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Augustus 2016.

8. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Geen

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

10. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. BESKERMINGSDIENSTE

10.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2016

10.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/2/2/2-3)

10.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)

10.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys noem dat die *Rocking the Daisies*-fees op 8 – 9 Oktober 2016 in Darling plaasvind en om die verkeersdruk veral op die N7 te verminder, sal alternatiewe roetes vir motoriste aangedui word.

Rdl C B Fortuin versoek dat raadslede 'n aktiewe rol speel in die gemeenskap t.o.v. die bekamping van ongelukke in die Swartland.

10.1/Besluit...

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Augustus 2016.

(GET) P E SOLOMONS
VOORSITTER